



# Administrasie van Suidwes-Afrika

## WITBOEK

oor die

WERKSAAMHEDE VAN DIE VERSKILLENDÉ AFDELINGS

VIR 1967

(1 - 4 - 1967 tot 31 - 12 - 1967)

## INLEIDING

Sedert die witboek die eerste keer verskyn het, is die boek jaar, dit wil sê 1 April tot 31 Maart van die jaar waar-in die uitgawe verskyn, gebruik as die verslagtydperk. Om verskeie redes is daar besluit om nou oor te slaan na die kalenderjaar. Hierdie uitgawe dek dus n tydperk van slegs nege maande en wel van 1 April tot 31 Desember 1967.

Die witboek bevat nie statistiek en inligting ten opsigte van funksies wat by die Departement van Bantoe—administrasie en -ontwikkeling berus nie. Waar inligting oor gebiede onder die beheer van genoemde Departement wel verstrek word, is dit slegs ten opsigte van bedrywigheede van die Administrasie van Suidwes-Afrika en dienste of aspekte van n diens waarvoor die Administrasie verantwoordelik is ore “itboek kan dus nie beskou word as n volledige oorsig die Gebied in sy geheel plaasgevind het nie of at ; jemaak is op terreine waarvoor ander : pordelik is nie maar slegs van die sk illende afdelings van die Administrasie van Suidwes-Africa.

## NATUURBEWARING EN TOERISME

### ALGEMENE OORSIG

Die verslagtydperk is weer eens gekenmerk deur n algemene toename in toerisme dwarsdeur die Gebied en aansienlike uitbreidings en verbeterings op natuurbewaringsgebied, n Totaal van 124,215 persone het die onderskeie wildtuine en oorde van die Administrasie gedurende die afgelope kalender-jaar besoek teenoor 100,799 persone die vorige jaar.

Die opening van die Halali-ruskamp het die huisvestingprobleem in die Nasionale Etoshawildtuin aansienlik verlig maar groot getalle besoekers word nog gedurende vakansies weggewys, weens gebrek aan akkommodasie. Die opening van mn sentrale plekbesprekings- en toeristekantoor in Windhoek het egter n beter diens vir die publiek meegebring en gekanselleerde huisvesting kon Spoediger as in die verlede weer toegeken word.

'n Voorwaartse stap was die hersiening en konsolidering van alle natuurbewaringswetgewing wat in die Ordonnansie op Natuurbewaring van 1967 Saamgevat is en die aanvaarding van die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme van laasgenoemde ordonnansie het ten doel die maak van me vir die Gebied, die registrering en beheer van hotelle, karavaanparke, gasteplase en safarimaatskappye en gradering en subsidiéring van hotelle.

Aansienlik voordeing is gemaak op navorsingsgebied, veral opnames in bewaringsgebiede en de diere. mn Saak wat kommer wek, le van miltsiekte wat in die oe We® mocilik bekamp kan word.

### WILDTUINE EN ONTSPANNINGSOORDE

#### (a) Nasionale Etoshawildtuin

9,555 voertuie, 220 karavane en 71 vliegtyle wildtuin besoek teenoor 36,584 persone die voregie jaar.

Die Halali-ruskamp wat in Junie feestelik ingewy is, bevat tweehonderd bedde en kampeerplekke vir 'n verdere honderd persone maar dit is nog nie voldoende om die steeds toenemende getalle besoekers te hhuisves nie.

Gevolgtrekking is bouplanne goedgekeur vir die oprigting van gespesiale verblyfplekke vir luukse toerbusgangers. Meer en meer safari-maatskappye begin tot die bedryf toetree en georganiseerde groepe maak n steeds groeiende persentasie van die besoekersgetal uit.

Die Administrasie se toeristewinkels is goed ondersteun en inkomste uit dié bron het toegeneem van R61,965 in 1966 tot R101,983 in 1967 terwyl toegangs- en kampgelde gestyg het van R38,606 na R43,699.

Verskeie ontwikkelingswerke is afgehandel. By Namutoni is n moderne selfbedieningswinkel in gebruik geneem.

216 myl addisionele brandpaaie is geskraap; 68 myl nuwe eruispaaie is gebou en 64 myl aan bestaande paaie is oorgegruis. Sewe betondamme is gebou en twee piekniekplekke, met geriewe, is langs die hoofpad ingerig. m Aanvang is gemaak met die versterking van die suidgrens van die wildtuin met sifdraad om roofdiere binne te hou. Mm Deel van die Sprokieswoud is met kabels omhein om die unieke plante teen skade deur olifante te beskerm.

Die kusvakansie-oord Torrabaai is deur 470 persone besoek, wat n inkomste van R1,389 gelewer het.

#### (b) Ontspanningsoord Hardap

40,266 besoekers in 10,317 voertuie, 6 vliegtuie en : 150 karavane het die oord gedurende die afgelope kalenderjaar besoek teenoor 32,299 persone gedurende die voorafgaande jaar. Dit was opvallend dat ruim 60% van die besoekers gedurende Junie en Julie vanuit die Republiek afkomstig was.

Die meeste van die persone wat die oord aandoen, is dagbesoekers wat slegs 10 sent toegang betaal. Nogtans het die inkomste gestyg van R8,162 tot R9,025. Slegs 5 besoekers moes aangekla word weens oortredings.

Die eerste fase van die bou van die nuwe ruskamp is afgehandel en die ingangshek, vulstasie, tennisbane is voltooi. Die tweede fase is tans aan die gang en die laaste fase sal hopelik vroeg in 1968 op tender uite gaan. ‘n Tydelike restaurant is opgerig en in gebruik geneem.

Die dertig myl lange grens van die natuurreserwe waar redelike getalle koedoes, springbokke, gemsbokke, harte- beeste en volstruise voorkom, is oopgestoot en ‘n begin is gemaak om dit wildwendend en jakkalsbestand te omhein.

‘n Verdere 2 morge aan grasperke is in die ruskamp aangeplant, paaie en staanplekke verbeter, kennisgewings aangebring en administratiewe geboue is vergroot en verbeter. Kameeldoringbome wat verwyder moes word toe die Hardapbesproeiingskema aangele is, is opgesaag en het 600 ton brandhout vir die ruskamp gelewer. Hengelary neem nog steeds toe en die 5.W.A. VarswaterhengelkamPIOENSKAPPE het vanjaar daar plaasgevind. Watersport is ook populêr en 97 motorbore en 18 seilbore is a getel.

#### (c) Daan Viljoenwildtuin

Die besoekersgetal vir die kalenderjaar het gestyg van 16,610 persone in 1966 tot 30,342 persone in 1967 met n ooreenstemmende styging in inkomste van R4,445 tot R8,765 4 in 1967.

Die bouprogram is afgehandel en die swembad, n woonhuis vir die hekwag, restaurant, nuwe kragstasie en twee gerieweblokke is in gebruik geneen.

Die verbetering van die kampterrein is voortgesit en ‘n verdere 2 morge aan grasperke is aangeplant, 1500 jaarts klipstutmure gebou, 17 addisionele kampeerplekke aangelé, 30 staanplekke vir voertuie gemaak en stormwaterpype en adreineerslote is aangebring. Elf myl aan brandpaaie is geskraap en n’ afdak vir voertuie en swaar toerusting is gebou.

(d) Warmbron Ai-Ais ee

Die ruskamp is die einde van Augustus 1967 gesluit sodat die bou van die nuwe kamp kon begin. Die werk sal na verwagting twee jaar duur.

Ten spyte van die verkorte seisoen het 3,960 persone Ai-Ais besoek, wat ‘n inkomste van R4,422 gelewer het.

Verbeterings word by die Visrivier-afgrond aangebring wat bestaan uit ‘n uitkykpos wat beveilig is met ‘n klipmuur en kettings, sanitasie- en kampeergeriewe vir besoekers en twee wandelpaadjies met kliptrappies en kettings op geværlike plekke sodat besoekers makliker die bodem van die afgond kan bereik. Volgens die besoekersboek, wat daar gehou word, doen gemiddeld vyf voertuie per dag dwarsdeur die jaar hierdie besienswaardigheid aan.

(e) Warmbron Gross Barmen

Die gebied is vanjaar behoorlik omhein en daar is gepoog om dit gereeld vanuit Windhoek skoon te hou omdat personnel nog nie daar gestasier is nie.

Die toeloop was egter so groot dat wantoestande onstaan het wat dit nogig gemaak het om Gross Barmen te sluit totdat geriewe en behoorlike beheer daargestel kan word.

Die beplanning van die oord is bykans afgehandel en drinkwater vanuit die aswakoprivier sal aangelé word sodra die huidige reenseisoen verby is.

(f) Robreserwe Kaap Kruigs

Hierdie afdeling het n beampte by Kaap Kruis gestasioneer vir die toeristeseisoen, 2,310 persone in 567 4 voertuie het die reserwe besoek – ‘n afname van 534 7 persone teenoor die vorige jaar. Inkomste het R567 bedra.

(g) Namib-woestynpark

1,346 persone in 310 voertuie het die woestynpark die afgelope kalenderjaar besoek teenoor 313 besoekers in 40 voertuie die vorige jaar. Dit is ‘n aansienlike getal as daar in ag geneem word dat daar nog geen geriewe vir besoekers bestaan nie.

Die reénval in die hoér liggende dele was goed met die gevolg dat besoekers aansienlike wildkon-sentrasies tesien gekry het. Vier persone is aangekla weens oortredings.

Sandwich-hawe, in die Park, is deur 6,147 persone in 1,665 voertuie besoek teenoor 6,622 persone die vooraf gaande jaar’. Dire daling in besoekersgetalle kan moontlik toegeskryf word aan kwaai storms wat die kus- roete soms lang tye moeilik begaanbaar gemaak het.

#### (h) Bergsebrapark Naukluft

Die gebied is vanjaar as 'n wildtuin geproklameer maar is nog nie vir die algemene publiek oopgestel nie aan-gesien toegangspaaie en kampeergeriewe nog nie voltooi ae is nie.

Wildtellings het aan die lig gebring dat nagenoeg 500 bergsebras hulle tuiste hier het, sowe as aansienlike getalle koedoes en klipspringers. Verskeie damme en paaie is reeds afgestek en ontwikkelingswerk sal vroeg in 1968 'n aanvang neem wanneer 'n natuurbewaarder daar aangestel is.

#### (i) Wildpark windhoek

Hierdie wildparkie agter die Administrasiegebou kry heelwat aftrek veral oor naweke en in die toeristieseisoen ofskoon die wildgetalle verrminder is om uittrapping te voorkom.

Twee studamme is gedurende die jaar voltooi en nuwe over- en drinkbakkie is aangebring. Die park is vanjaar in kampe opgedeel en wisselweiding word nou toegepas.

Nuwe voeropslagplekke, motorhuise en magasyne is gebruik geneem en onooglike geboue is verwyder.

#### (j) Ander besienswaardighede

Hierdie afdeling is ook verantwoordelike vir die ontwikkeling en beheer van plekke soos die Brandberg- natuurreserwe, die Mukurob- vingerklip, Hoba-meteriot, Twyfelfontein, die natuurreserwe Wes-Caprivi, die Versteende Woud en die natuurreserwe Waterberg.

## PERMITTE

### (a) Skiet van wild

Benewens permitte wat aan museums en navorsingsentra uitgereik is, is permitte aan boere uitgereik vir die skiet van die volgende wild ter bewaring van hul weiding:

gemsbokke 121

koedoes 84

elande 256

Springbokke 98

hartebeeste 66

sebras 353

volstruise 44

duikers aD

steenbokke 6

Aan trofeejagters van oorsee is permitte uitgereik vir die skiet van -

gems bokke 52

koedoes 52

Elande 30

Springbokke 42

hartebeeste 41

sebras 49

wildebeeste 6

volstruise 39

duikers 4

Steenbokke 3

Vlakvarke 41

Die landdroste het slegs 453 permitte uitgereik vir die skiet van groot- en kleinwild in die Gebied. Die nuwe natuurbewaringsordonnansie wat op 1 Augustus gepromul geer is, behoort onwettige jagtery effekief te bekamp.

### (b) Vang van wilde diere

Permitte uitgereik aan boere om wild vir hulle plase te vang, beloop die volgende:

gemsbokke 146

koedoes 32

elande 74

springbokke 40

hartebeeste 11

sebras 25

volstruise 13

duikers 10

steenbokke 4

Permitte vir die uitvoer van diere na dieretuine en wildtuine behels die volgende:

swartrenosters 1

elande 28

gemsbokke 37

kaneelperde 27

sebras 26

hartcubeeste 56  
koedoes 22  
springbokke 10  
duikers 6  
steenbokke 10  
wildebeeste 4  
jagluiperds 59  
meerkatte 60  
likkewane 10  
wildehonde 2  
strandwolwe 6  
rooikatte 2  
bobbejane 5  
muishonde 8  
dassies 104  
jakkalse 14  
hiénas 4  
klipspringers 10  
aardwolwe 1  
skilpaaie 20  
wildekatte 12  
voél 5,360

## NAVORSING

Goeie vordering is op hierdie gebied gemaak en die volgende projekte is afgeheéendel:

Die verspreiding van die grotere soogdiere in die Nasionale Etoshawildtuin.  
Die trekgewoontes van die vlaktesebra.  
Die status en verspreiding van die swartrenoster in Suidwes-Afrika.  
Die ekologie van die Damara-dik-dik.  
Vegetasiekaart van die Nasionale Etoshawildtuin.  
Chemiese en spoorelemente in die waters van die Nasionale Etoshawildtuin.  
Opname van die roofvoél 5 in die Nasionale Etosha wildtuin.  
Eetgewoontes en die omgewingsvoorkleur van die blouWildebees.

Werk het ver gevorder wat die vang van wild met verdowingsmiddels betref asook die merk van wild om migrasiegewoontes vas te stel.

‘n Begin is gemaak met die verplasing en herbevestiging van Swartrenosters, luiperds en jagluiperds in die wildtuin.

In Deurtastende ondersoek is ingestel na siektes en parasiete in die Etoshawildtuin deur beampies van die Veeartsenykundige Instituut Qndersteport, in samewerking met die bioloé van hierdie afdeling. Geen trichinose of bek-en-klouseer is eevind nie en in vergelyking met die wild van die Nasionale Krugerwildtuin is parasietsbesmettings in Suidwes-aAfrika aansienlik minder.

‘n Uitbreiding van honddolheid onder bakoerjakkalse het nog nie peatid opr nie en die roofdierbevolking word noukeurigdopgehou sodat voorsorgmaatreéls vroegtydig getref word indien die siekte versprei.

Navorsing om miltsiekte, wat nou epidemiese afmetings begin aanneem, te vestry, geniet besondere aandag en daar is gevind dat die ontsmetting van watergate in die droé seisoen die siekte strem.

Ondersoeke en ekspedisies na verskeie natuur bewaringsge biede in Suidwes-Afrika is onderneem in medewerking met oorsese en Suid-Afrikaanse wetenskaplikes. Vooraanstaande navorsers uit Frankryk, Engeland, Amerika, Duitsland en Swede het die "wildtuin besoek en verskeie lesings vir die personeel is gereél.

Beamptes van die afdeling het die Administrasie verteenwoordig op n veeartsenykundige kongres, n simposium oor ekologie, yergaderings van die Nasionale Komitee vir die Internasionale "Biologiese Program, die Loodskomitee van die Namibwoestynnavorsingstasie en het opgetree as gashere vir die jaarvergaderings in Windhoek van die Suid-Afrikaanse Fauna Navorsings en Adviserende Komitee en die Nasionale Koordinerende Raad op Natuurbewaring.